


*Die ingang tot die Swartbergpas, vanaf Prins Albert.*

# Die Orrelis en Ons Kerkmusiek

*deur* M. L. HEBBER

DIE artikels oor die kerklied in ons land wat verlede jaar in *Die Huisgenoot* verskyn het, het baie belangstelling gewek. Tereg is deur die skrywer beklemtoon dat ons hierdie skat, wat ons van ons voorvadere geërf het, in ere moet hou. Ons kan egter nog byvoeg dat ons ernstig ons aandag aan die kerklied moet skenk om onsself daardeur op te hef en te veredel. Dit is ongelukkig waar dat ons kerkmusiek meestal te meganies van aard is. Dit is nie meer 'n behoefte van die hart nie en ons beskou dit nie meer as iets heiligs nie, 'n genadegawe wat ons moet voorberei vir die boodskap van die prediker nie.

Aangesien die orrelis die persoon is wat die leiding moet neem, is dit ons plig om te sorg dat ons altyd deeglik opgeleide orreliste het. Die salaris wat in verreweg die meeste gevalle aangebied word deur ons kerkrade, dra nie juis daartoe by om altyd die geskikste persone te trek nie. Selfs al word 'n paar musiekleerlinge bygeneem, kan die orrelis nie altyd onbekommerd lewe nie. Nog minder bemoedigend is die feit dat die orrel in baie gevalle as 'n troetelkind beskou word en die kerkraad absoluut weier dat iemand anders as die orrelis gedurende die week daarop oefen. Behalwe dat dit voordelig is vir die instrument om baie bespeel te word, is dit seer sekerlik bevorderlik vir ons kerkmusiek wanneer entoesiastiese persone die geleentheid kry om hulle in dié rigting te bekwaam. Op meer as een plek tree 'n onderwyser of selfs die predikant se vrou as orrelis op. Aangesien hulle reeds baie ander werk het, kan hulle nie onverdeeld hulle aandag aan die kerkmusiek gee nie. Die opleiding van geskikte persone word soms ook gestrem deur 'n orrelis self wat as gevolg van jaloesie of om watter rede ook al, nie graag sien dat ander toegang tot die orrel het nie — miskien uit vrees dat hy op een of ander tyd in die skadu gestel sal word.

Tevore is reeds in *Die Huisgenoot* daarop gewys hoe sekere melodieë nie meer melodieus vir ons klink nie en derhalwe in onbruik geraak het. Snaaks genoeg, dié wat nog welluidend is, en in krag en skoonheid nog nie oortref is nie, word ook al stadigaan op die agtergrond geskuif. Ons noem bv. die oorspronklike wysie van Ps. 100, wat nou gewoonlik maar op dié van Ps. 134 gesing word. En watter gemeente kan uit volle bors die kragtige Ges. 38 op dieselfde manier as Ps. 146 sing. Hierdie toestand van sake is grotendeels daaraan te wyte dat ons predikante hulle te veel by dieselfde liedere bepaal. Maar as ons oplet hoe lusteloos baie gemeentes die bekender gesange sing, kom ons tot die slotsom dat die belangstelling in ons kerklied regtig begin verflou. En vir hierdie lusteloosheid is o.m. die orrelis ook verantwoordelik.

Vir die speel en vertolking van die Psalms en Gesange behoort die orrelis hom deeglik voor te berei. Die nalees van die gesangebriefie, wat aan hom gestuur word, is soms àl voorbereiding wat gedoen word. Na aanleiding daarvan word die koraalboek oopgeslaan, meganies die eerste reël gespeel, en ewe meganies volg die koraal. Hoe kan hy die regte stemming van die koraal aan die gemeente oordra as hy nie eers weet watter woorde hy moet interpreteer nie? Omdat geen studie van die woorde gemaak is nie, het dit al dikwels gebeur dat 'n orrelis, in sy poging om die musiek af te wissel, juis sag speel, soos vir 'n gebed, wanneer hy 'n loflied moet vertolk! Die orrelis wat in sy werk leef en die kerklied op sy hart dra, is nie aan 'n koraalboek gebonde nie. Vir hom is sy gewone Psalmboek genoeg, trouens, hy ken die vernaamste melodieë van buite en die harmonisering daarvan is vir hom 'n kleinigheid. Met sy Psalmboekie voor hom oop, kan hy die lied beter interpreteer, want hy sien die woorde wat hy moet vertolk. Hy weet nou wanneer dit 'n gebed of 'n loflied is en speel dienooreenkomstig. Waar daar 'n herhaling van reëls voorkom, verander hy die harmonie, waar moontlik, om die eentonigheid te verbreek. Waar daar leestekens, soos kommas, ens., voorkom, neem hy dié deeglik in ag, sonder om die ritme te versteur. Hy is nie aan 'n spesiale toonleer gebonde nie, maar speel die lied miskien in 'n laer sleutel as hy meen dat daar te hoë note in voorkom. (Soos bv. in Ges. 1.) Hy begelei nie die gemeente nie, hy lei hulle, sodat hulle vanself die lied aanvoel en dit ook so in hul sang verfolk. Dan alleen het die kerklied vir die soekende siel betekenis.

Ook moet die orrelis die gemeente deur middel van 'n gepaste voorspel voorberei vir die lied wat gesing gaan word. By baie is dit die opvatting dat so 'n reëltjie vooraf gespeel moet word om die gemeente met die wysie bekend te stel. Dit ontaard egter in 'n meganiese, eentonige roetine. In die eerste plaas dien 'n voorspel om die toonhoogte in die gedagte vas te lê. In die tweede plaas moet dit die gesang op 'n waardige manier inlei en die aandag sowel op die hooftrekke van die melodie vestig as op die inhoud van die woorde. Op sigself moet die voorspel 'n artistieke eenheid vorm waardeur die gemeente in die regte stemming gebring word vir 'n gebed of loflied, na die geval mag wees.

Dit gebeur dikwels dat, waar twee versies in 'n gesang opgegee word, die een 'n loflied en die ander 'n gebed is. (Bv. Ges. 126 vs. 1 en 4.) Waar die orrelis in sy voorspel, soos hierbo aangetoon, die gemeente voorberei het om te jubel, behoort hy ook d.m.v. 'n gepaste tussenspel die gemeente weer in 'n biddende stemming te bring sodat die volgende versie weer in ootmoed gesing kan word. Die stemming verander selfs in een enkele versie, soos bv. in Ps. 116 vs. 3. Hier weer moet hy d.m.v. verandering van registers, en soms ook van harmonie, aan die gemeente die regte stemming vertolk.

As die orrelis hom daarop toelê om, op die maniere hierbo uiteengesit, te voorkom dat die kerklied eentonig word, dan sal die belangstelling by die gemeente ook wakker gehou word. Dit is egter nie genoeg nie. Hy behoort meermale in samewerking met die predikant lesings te hou oor een of ander aspek van die kerkmusiek, veral wat betref die sing van ons Psalms en Gesange. Watter nuttige rol kan 'n koor nie op sulke aande speel nie!

'n Probleem wat baie voorkom, is slepend sing of trek. Dan word gewoonlik maar die gemeente beskuldig dat hulle nie kan sing nie. Maar dikwels is dit omdat die orrelis self nie die moontlikhede van die orrel reg begryp nie. Baie is lief om die swaarder registers te gebruik of soms ook die oktaafkoppelaars om die orrel voller te laat klink. Ek is van mening dat dit slepend sing eerder in die hand werk, omdat as gevolg van die swaarder klanke die wysie nie maklik volgbaar is nie. Wanneer die oktaaf-koppelaars gebruik word, is die ondervinding dat dit die neiging het om die stem „die hoogte in" te trek, met die gevolg dat moeilik gesing word en slegs 'n paar lede van die gemeente in staat is om dan nog lekker saam te sing. Om 'n wysie duidelik volgbaar te maak, is 'n eerste voorwaarde dat die koraal suiwer vierstemmig gespeel moet word. Hoe ligter die klanke hoe beter, soos bv. deur die byvoeging van 4 vt.- en 2 vt.-registers by die grondklanke. 'n Baie goeie metode, veral wanneer minder bekende wysies opgegee word, is om die melodie met die regterhand op een klavier effens sterker uit te speel, en die begeleidende harmonie op die ander klavier en pedaal. Die suiwere vierstemmige harmonie moet egter behou word. As die wysie duidelik uitklink, kan by die gemeente geen twyfel ontstaan nie. Dit kos oefening om so te speel, maar as die orrelis eers vertroud daarmee is, loon dit werklik die moeite.

Die orrelis moet altyd in gedagte hou dat die orrel by uitstek die instrument is vir die samevloeiing en kontinuïteit van klanke, derhalwe moet hy nie die akkoorde aanslaan soos bv. op 'n klavier nie. Hierdeur ontstaan noodwendig 'n kort pouse tussen die akkoorde. Soms word dit deur orreliste gedoen om die gemeente weer „reg te ruk" as hulle effens agter geraak het. Hierdie manier van doen het ek al dikwels oor die radio gehoor, wat bewys dat dit nie alleen die orreliste op die platteland is wat hulle hieraan skuldig maak nie. So 'n metode van speel sal eerder lustelose sing in die hand werk, deurdat die kalmte van die gemeente, wat deur die orrel versterk behoort te word, daardeur versteur word. 'n Onderbreking is miskien net toelaatbaar by 'n leesteken om die betekenis van die woorde beter te kan interpreteer, maar dan word dit op so 'n manier gedoen dat die ritme nie daardeur geskend word nie.

Amper nog groter verantwoordelikheid rus op die orrelis wanneer die res van die musiekprogram met die hele diens verband moet hou. Dit spreek vanself dat hy in noue voeling met die predikant moet bly en vroeg in die week al op hoogte moet wees met die aard van die volgende Sondag se dienste. Dit is haas ondenkbaar dat as die predikant sy weg gaan, en die orrelis syne, die harmonie van die hele diens nie versteur sal word nie. Waar daar werklik erns en liefde vir die saak is, sal dit heeltemal moontlik wees vir die predikant om vooruit 'n klein programmetjie op te stel, al is dit maar net 'n aanduiding, wat die orrelis in staat sal stel om 'n geskikte koorlied en ander musiek vir die diens uit te soek en in te studeer.

Die opvatting dat die koor daar is om kerkgangers te trek, skyn nogal deur baie gehuldig te word. M.a.w. die koor moet vergoed waar die preek te kort skiet. In die artikels van dr. Cillié is die doel van die koor baie duidelik uiteengesit. Ter aanvulling kan hier gesê word dat ons die koor as 'n hulpmiddel behoort te beskou om die gepredikte woord te versterk. Dit moet die preek aanvul en trek wel die kerkganger, maar alleen omdat dit die gemoed vatbaarder maak vir die woorde van die prediker. Derhalwe behoort die koor ook by die oggenddiens gebruik te word, aangesien dit die hoofdiens is en die meeste mense dan die kerk besoek. (Hier het ek meer die platteland op die oog waar saans gewoonlik maar min mense die kerk besoek.) Waar dit moeilik gaan om die koor gereeld te laat sing, sou dit beter wees om 'n goeie stuk in te studeer en by 'n geskikte geleentheid te gebruik, as om te verval in die gewoonte om maar elke Sondag 'n Hallelujalied voor te dra. Dié liedere het ook hul waarde, maar behoort dan slegs as afwisseling gebruik te word.

Wat die solospel van die orrel betref, ook nog 'n paar opmerkings. As die gemeente saam is, is dit nodig dat hul gemoed in die regte stemming gebring word, sodat die gepredikte woord op vrugbare aarde kan val. Die koor en die gemeentesang dra hiertoe by, maar die weg word gebaan deur die solo-voorspel van die orrel. Die orrelis moet dus sorg dat hy, soos reeds aangehaal, sy musiek in ooreenstemming met die aard van die diens kies. Hy speel tot verheerliking van God, maar tegelykertyd staan sy musiek in diens van die kerkganger — dit trek hom tot God. Kan 'n orrelis hierdie diens aan sy gemeente gee wanneer hy eers tien minute voor die diens begin en dan na willekeur 'n stukkie uitsoek om te speel? Dieselfde geld ook vir die naspel en vir die solospel by die kollekte. Gedurig moet die orrelis sorg dat deur

(*Vervolg op bladsy 39.*)

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

# DIE ORREL EN ONS KERKMUSIEK

(*Vervolg van bladsy* 21.)

middel van sy spel die gemeente gestig word en dat hy nie die oorsaak is dat die woorde van die prediker kragteloos gemaak word nie.

Wat is nou ware kerkmusiek en wat nie? Hierdie vraag is ook in die reeds gemelde artikels breedvoerig bespreek. Ons mag nog byvoeg dat net soos die plant getrek word deur die strale van die son, so word elke gelowige kerkganger getrek deur daardie musiek wat bedoel is om die Naam van die Meester te verheerlik. Hy sal nie die musiek beskou as bloot 'n middel om die voetstappe van laatkommers of die geluid van vallende muntstukkies te demp nie. Soos by die koorlied, moet die eerste en vernaamste vereiste wees dat die musiek tot eer van God en spesiaal vir kerkgebruik gekomponeer moet wees. Liefs sou ons sien dat dit ook 'n volkskarakter dra en gebaseer is op melodieë wat by ons reeds 'n tradisie geword het, nl. ons Psalms en Gesange.

Wanneer die orrelis met hierdie gedagte besiel is, sal hy nie stukke soos „Barcarole" van Offenbach, „On Wings of Song" van Mendelssohn of „Home, Sweet Home" op Moedersondag in die kerk toelaat nie. As Protestante verfoei ons die Roomse gebruik om die maag Maria of ander heiliges te aanbid, maar ons laat ewe gemoedelik 'n lied soos „Ave Maria", wat niks anders is as 'n aanbidding van die Heilige Maag nie, in ons kerkmusiek toe. En as daar miskien gemeentelede is wat hierdie tipe musiek in die kerk verlang en die orrelis soms versoek om dit te speel, behoort hy voet by stuk te hou. Op hom rus die heilige plig om die gemeente op te voed om in die regte rigting te dink wat dié saak betref. En dit kan hy nie doen tensy hy nie self gedurig studeer en hom op hoogte van sake hou nie. Daarom het ons reeds gesê dat hy 'n persoon moet wees wat voltyds sy aandag aan sy werk kan bestee.

As dit ons werklik erns is om ons kerkmusiek in ere te hou, moet die predikant, die gemeente en die orrelis alles in hul vermoë doen om te voorkom dat die beoefening daarvan by ons 'n meganiese gewoonte word. Dit is nie genoeg om die erfenis van ons voorvaders te behou en aan die nageslag oor te dra nie; ons moet dit ook ontwikkel en uitbou, ons stempel op wat ons alreeds besit, afdruk en dit tot groter hoogtes voer.

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012